

Nr./No. 59

1969

April

Pretoriana



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
-9-6-1969
ZA.05(68)
Classmate
P. 1969 | 59

TYDSKRIF VAN DIE GENOOITSKAP OUD-PRETORIA

VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY

PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Prys : 25c : Price

SOCIETY OLD PRETORIA

ANNUAL REPORT 1968

1. Since the last annual meeting two members of the Executive passed away, viz. Dr. T. S. van Rooyen and Mr. C. A. Cilliers. I propose a motion of condolence. Appreciation is expressed for the work done for the Society.
2. Change of Book Year. The Executive Committee proposes that the end of the Book Year be shifted from 31 October to 31 December. The change in Constitution will be effected at this meeting. There are various reasons for this proposed change.
3. Primary School Garden Competition. The competition was again held during 1968 with Mr. H. Bruins Lich as judge and Mr. H Minnaar, Inspector of Schools of the Transvaal Education Department as liaison officer. The first prize went to the Primary School Rachel de Beer, Pretoria North. A report of the ceremony where the 1967 prize was handed over appeared in the quarterly journal of the T.E.D. "Educational News Flashes". The work done by your Society was stressed.
4. Proposed Freeways. The Executive submitted a memorandum to the City Council asking for the preservation of historical buildings and the traditional atmosphere of Pretoria.
5. Old Cemetery. The Executive submitted a memorandum to the City Council asking for the proper fencing of the Old Cemetery and its upkeep. The Society is against reburial of any person. There are to be four new gates and the names of these gates have to be decided.
6. NATCHM The Board of the Museum on which your Society is represented obtained the necessary ground for the Open Air Museum. Plans for the new buildings are now being drawn up. Your Society founded a Friends of the Museum Association on 5th November 1968. This Association is now busy organising. We hope that out of this much good will come to foster the cultural historical aims of the state and people of our country.
7. Plaque Kya Rosa. On the initiative of your Society and with the co-operation of the University of Pretoria a plaque was erected on the front door of Kya Rosa on 21 October 1968 to commemorate the foundation of the University of Pretoria on 10th February 1908.
8. Residence of Genl. Nicolaas Smit. This was demolished during 1968. Last photos were taken by your Society, some of which appeared in Educational News Flashes of the T.E.D. in the September 1968 issue. Mention is made of the good work done by your Society. The front door was obtained by your Society and handed over to the Primary School Nicolaas Smit for preservation.

9. Old Lift in Lewis and Marks Building. The Society is taking steps to have the lift preserved. The City Council intends demolishing this building which was designed by architect de Zwaan in 1904.
10. The Society must arrange for a farewell function for Dr. Gerhard Rissik who resigned as treasurer after many years' faithful service. Miss Jacobs of the Reserve Bank also resigned. We appreciate the work done by these persons. The services of the firm Taylor and Geerling were obtained as auditors with Mr. W. Kruger as treasurer.
11. The initial steps are taken by your Society at present for the institution of a Literary Museum and Documentation Centre for South Africa in its capital city Pretoria.
12. I wish to thank the Executive Committee member who helped me so faithfully during 1968.

N. A. COETZEE,

Chairman.

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA SOCIETY OLD PRETORIA

MEMORANDUM INSAKE VOORGENOME SNELWEE/DEURPAAIE

Die Bestuur stel aan u sy standpunt in verband met die voorgenome Snelweë/Deurpaaie soos uiteengesit in die verslag van die Raadgewende Ingenieurs 136/67-10 van 23 Oktober 1967. U aandag word gevëstig op die feit dat die Genootskap hom weerhou het om deel te neem aan enige openbare protes of van deelname aan die vergadering gereel deur die Argitekte Vereniging, oor die hele aangeleentheid, juis om die goeie verhouding wat tussen die Genootskap en die Stadsraad bestaan te handhaaf. Ook tref die voorgenome snelwëe die veld van werkzaamhede van die Genootskap alleen in sekere opsigte, soos in hierdie memorandum aangedui.

U word versoek om vriendelike oorweging te skenk aan die volgende vertoë.

1. Die Genootskap Oud-Pretoria is ernstig daarmee gemoeid om die beeld en karakter van Pretoria te bewaar. Geen stad is staties nie, maar veranderings moet so plaasvind dat die algemene beeld, karakter en gees nie drasties of skielik verander word of verlore gaan nie. 'n Stad mag nie deur beplanning en overheidsweë vreemd van homself word en die historiese ontwikkeling of verband geskaad word nie.
2. Histories belangrike huise, bome, parke, tuine, strate en buurtes moet sover moontlik bewaar en instand gehou word. Na regte is alles van die verlede hier ter sprake, ook van die nabye verlede. Die inisiatief

- en onderneming van die inwoners en alle instellings wat reeds aangepak, gedeeltelik of in geheel uitgebou of voltooi is oor die jare moet nie skielik in die wiele gery word nie. Die balans tussen die onderneming deur die privaatsektor en die bemoeiing van die kant van owerheidsweë moet behou word. Dit is reg dat die owerheid in die algemene belang kontrole sal uitoefen oor alle nuwe onderneming deur die privaatsektor, maar onwenslik dat die privaatsektor sonder meer genoëë moet neem met onderneming van die kant van die owerheid. Dit is 'n historiese beginsel in Suid-Afrika. Vertoë vir onderneming deur die owerheid moet in die eerste instansie van die privaatsektor uitgaan en nie van owerheidsweë self nie. Indien die inisiatief van owerheidsweë kom is die algemene publiek (belastingbetalers) suspisieus op die invloed van drukgroepe wat eie gewin as doelwit het.
3. Huise met 'n eie besondere argitektoniese karakter moet nie terwille van die snelweë opgeoffer word nie. In hierdie verband word net enkele voorbeelde genoem.
 - (a) Kingston House, 852 Parkstraat, h/v Park- en Eastwood.
 - (b) Woning 950 Parkstraat, h/v Park- en Hill.Daar is 'n hele reeks residensiële huise, veral langs die noordelike kant van Parkstraat waarop die eienaars seker trots is, tesame met die goedversorgde tuine, en wat vir Pretoria 'n sieraad is. Dit is jammer dat hierdie huise en tuine vernietig moet word, terwyl onbebonde oppervlakte aan die oorkant van die straat beskikbaar is vir verbreding van Parkstraat of vir 'n snelweg. Dieselfde argument kan met betrekking tot ander dele gebruik word. Snelweë en strate moet as sekondêre faktor in diens van die belang van die stadsbewoners ontwikkel word.
 4. Die wegleiding van buiteverkeer bedoel vir die verskillende streke van Transvaal, verkeer wat in die eerste instansie graag Pretoria sal wil vermy omdat dit nie vir Pretoria bedoel is nie, moet liefs buiten die Pretoria-Stad om plaasvind. Daar is geen rede waarom sulke verkeer naby die middestad verby moet gaan nie en snelweë moet allermins 'n aanmoediging wees om sulke verkeer deur Pretoria te laat plaasvind nie, al word alleen net die snelweë daarvoor gebruik. Buitepaaie is 'n saak vir die Provincie en die las en financiering van buiteverkeer moet van die stadsbelastingbetalers afgewend word. Die saak staan ook in verband met die behoud van die rustige atmosfeer van Pretoria soos dit in die verlede was, met ander woorde die behoud van die rustige en aangename verblyf wat Pretorianers in die verlede soveel waardeer het.
 5. Verkeersprobleme kan grootliks opgelos word deur sekere bestaande strate net wyer te maak, en sypaadjes smaller. Dit is 'n metode wat reeds deur die Stadsraad toegepas word, en met baie sukses. Parkstraat kan so verbreed word, sonder om die sypaadjes te nou te maak. Die Genootskap pleit dat die bome dan net met oorleg verskuif word en nie heeltemal verwyder word nie. Strate sonder bome gee nie 'n gesellige en rustige indruk nie, en die verskillende boustyl en konstruksie

- van die geboue word te strak en koud. U word verwys na die verwydering van die bome aan die oostekant van Hamiltonstraat. Die hoop word uitgespreek dat dit mettertyd reggestel sal word. Die beginsel is egter oral van toepassing. Die bome bedek ook die verkeer vir diogene wat verplig is om langs die straat te woon.
6. Die Genootskap Oud-Pretoria spreek die hoop uit dat die deurpaaie of snelweë nie vir die stad Pretoria, die middestad en die voorstede, 'n opeenhoping van koue, onooglike konkreet en asfalt in die vorm van walle, pilare, ophopings van grond, straatkante, mure en brûe sal meebring nie, waarnaby niemand graag sal wil woon of ondernemings vestig nie, omrede die onestetiese en gedurig rumoer van vinnige passasiersverkeer en swaarvoertuie-verkeer nie. Die Genootskap waardeer die konsensieuse werk van die Parke Departement om die stad te versier. Daar word egter gevrees dat snelweë en deurpaaie probleme sal skep.

The Occupation of Pretoria by the British Forces III

Taken from War Letters from the Veld A.D. 1900

By C. R. PRANCE


Belfast. S.A. Republic.
Sep. 1. 1900.

To M.S.P.

There isn't much to tel, but here goes for more diary. The Colonel and two Captains were coming out of town late at night and, not having the pass-word, were turned back by a sentry. They were aimlessly wandering about, when they fell in with more red puggarees in a like case, one being the Regimental Sergeant-Major.

The latter was a resourceful man. He assumed a martial air and stood at a street corner till a military man approached. Then he boldly challenged "Halt, who goes there?" etc. and demanded the countersign or pass-word, which the officer gave, taking him for a sentry; and so provided the whole party with means to get back to camp about 3 a.m. — to find that urgent orders had been waiting for the Colonel since 10 p.m.

Well, we got back from Commando Nek at 9 a.m. having left camp at 3.30 a.m. This getting to camp early has its good points, giving the men all day in camp and the oxen and horses all day to graze; but the early starts are awful.



C. R. PRANCE

Late in the afternoon, to our dismay, came orders to march for the station at midnight; to entrain the horse and baggage and start at dawn! Oh, the packing of kit and the general rush of the malcontents to town to get drunk, with passes genuine, passes out of date (with date faked), and passes frankly forged; and at 11 p.m. the squadron fell in about 25 strong out of 60. I was left with others to pack and bring on the saddles, rifles, etc. of the absentees, their horses — and also themselves. We could not find one, though at 9 p.m. a whole gang was spirituously sleeping by a fire.

We entrained at a wayside station well out of Pretoria, and later it was rumoured that our Colonel had heard of a big battle in prospect at Belfast. Eager to share it, but our regiment still officially attached to Clements who was engaged elsewhere, Grenfell who, as Lifeguardsman, could pull strings, was said to have contrived to get hold of a train by underground influence.

It may well have been, in view of our frantic efforts to reach Belfast, and of Roberts' innocent query, when inspecting us, who we were and how we happened to be there. But though too late actually to share the fight, we were officially within the geographical limits for which the coveted "Bergendaal" or "Belfast" bar to medal was awarded.

An hour after the wagons and troops, we got away, with a heap of stuff, on a futile search for the station which was some two miles out of town. We did find it at last at 2 a.m. after long wandering — to find nothing done and nothing doing; everyone trying to sleep on the ground in a biting wind with no blankets. Oh the cold! and at the first streak of dawn we had to hustle round and unload them on to the trucks, and load all horses. My squadron did all the work, the others travelling by our train merely looking on.

Mail going . . . I must save the rest.

(Submitted by N. A. Coetzee. Taken from the original manuscript.)

UIT DIE NAGELATE PAPIERE EN FOTO'S VAN F. C. KRAAMWINKEL (19.9.1869—5.4.1941)¹⁾

Frederik Cornelis Kraamwinkel is op 19 September 1869 te Amsterdam, Nederland, gebore. Op 9 Mei 1893 emigreer hy na die Zuid-Afrikaansche Republiek om op 1 Junie 1893 by die Sentrale Werkplaas van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij te Pretoria as draaier en passer diens te aanvaar. Met die inbesitneming van Pretoria deur die Britse militêre magte op 5 Junie 1900 weier hy om onder die besettingsmagte sy werk voort te sit, soos soveel ander oud-Nederlanders. Hy en sy gesin word daarop 24 uur gegun om die land te verlaat. Slegs handbagasie is toegelaat. In 1903 keer hy op goeie geloof uit Holland na Pretoria terug om weer hier 'n heenkomte vind. Sy gesin volg hom kort daarna. F. C. Kraamwinkel is op 5 April 1941 op 71 jarige leeftyd oorlede.

NEDERLANDSCHE ZUID-AFRIKAANSE SPOORWEG- MAATSCHAPPIJ

Die hoogtepunt in die N.Z.A.S.M. se bestaan was ongetwyfeld die opening van die spoorlyn tussen Pretoria en Delagoabaaï. Dit was 'n feestelike gebeurtenis in Pretoria en 'n gedrukte en in kleur versierde program (23 x 17 cm) is 'n herinnering hieraan. Op die versierde buiteblad verskyn die opskrif in die volgende woorde:²⁾

**OFFICIEEL PROGRAMMA
der
FEESTELIJKHEDEN
te Pretoria,
op MAANDAG, DINSDAG en WOENSDAG,
8, 9 en 10 Juli 1985,
naar aanleiding der
VOLTOOIING van den SPOORWEG
van
LOURENCO MARQUES tot PRETORIA.**

Die driedaagse feestelikhede in Pretoria het die volgende beslaan,
volgens 'n letterlike weergawe van die program op die twee binne-bladsye:

MAANDAG 8 JULI

Des voormiddags te 11 ure: Ontvangst der gasten van den Oranje Vrijstaat, van Natal en van de Kaapkolonie aan het Spoorwegstation.
Des middags te 3 ure: Ontvangst der gasten van Lourenco Marques en de uitgenoodigde zeeofficieren aan het spoorwegstation.

Openingsplechtigheid Feestrede uittespreken door Z.H.Ed. den Staatspresident.

Te halfvier ure: Verwelkoming der gasten in de Feestzaal door ZEd. Achtf. den Landdrost van Pretoria.

Te half acht ure des avonds Electrische Verlichting van het Staatsgebouw en algemene illuminatie en Muziek-uitvoering in het Burgerspark.

DINSDAG 9 JULI

Te half twee ure des namiddags: Feestmaaltijd in de Feestzaal.

Te half drie ure: Muziek-uitvoering in het Burgerspark.

Te acht ure des avonds: Conversazione in de Feestzaal en Concert door het amateur orkest der Wanderers Club.

Te half tien ure des avonds: Vuurwerk, te ontsteken op het Marktplein.

WOENSDAG 10 JULI

Des voormiddags te half elf ure: Bezoek der gasten aan de Staatsmunt.

Des namiddags te half een ure: Wedrennen op de renbaan te houden door de New Pretoria Turf Club.

P. A. JOLLES
(Secretaris der Hoofdcommissie)

'n Geïllustreerde biljet uitgereik deur die Nataliese Koloniale Bestuur het betrekking op „The Natal Delagoa Bay Railway”, of te wel „The Charles-town Extension — The other coming Event of 1895”.

Nog 'n prestasie van die N.Z.A.S.M. is op drie foto's (30 x 22 cm) afgebeeld, t.w. die spoorwegtonnel tussen Waterval-Boven en Waterval-Onder. Twee van die foto's toon die trajek (met tandrat) by die onderskeie ingange van die tunnel. Die derde foto toon die trajek in dieselfde omgewing by die koppie, wat as die Kop van Verwey bekend was, met die stoomlokomotief op pad na Komatipoort sigbaar soos dit om die Kop te voorskyn kom.

'n Hoogs interessante en duidelike foto (22 x 30 cm), wat dateer tussen die jare 1895-1899 en na die beste wete geneem is deur 'n fotograaf-vriend, toon Pretoria soos gesien in 'n Noordelike en Noord-Westelike rigting vanaf die terrein agter die huidige stasiegebou, of „die Bult“ soos toendertyd algemeen bekend. Merkwaardig vir die tyd is die foto se trefwydte. Benewens 'n feitlik volledige beeld op die voorgond van die spoorwegaanleg met loodse en ander bedryfsgeboue, behuising en rollende materiaal, is op die foto die hele lengte van die destydse Marktstraat tot by die Kerkplein te sien, terwyl ook duidelik onder meer te onderskei is die Hollandia-hotel en die European-hotel, albei min of meer waar vandag die Victoria-hotel is, die Raadsaal en die Kerk op Kerkplein. Tussen die woonhuise en bome deur ten Weste van Marktstraat is die dak en toering van die Geref. Kerk in Kerkstraat-Wes by Potgieterstraat ook duidelik sigbaar. Op die agtergrond aan die linkerkant kan ook die beskeie woonhuise digby die ingang van Daspoort duidelik gesien word met die rante en Magaliesberg in die verte.

'n Groepfoto (15 x 21 cm) geneem rondom 1896/1898 toon 53 ambagslui en opsiener voor een van die N.Z.A.S.M.-loodse by die Pretoriawerkplaas, terwyl op 'n volgende foto (15 x 21 cm), wat vroeër dateer, 13 ambagslui verskyn wat deur hul in Pretoria vervaardigde bedryfsmateriaal in staal vertoon.

'n Vyftal foto's (15 x 21 cm) toon die verwoesting wat deur die dinamiet-ontploffing op 19 Februarie 1896 aan die spoorwegeeidom van die N.Z.A.S.M. te Braamfontein en die aangrensende Fordsburg aangerig is. Een foto gee 'n duidelike beeld van die verwoesting op die plek waar die noodlottige trein gestaan het.

'n Loonstrokie op vorm Model 642 vir loon betaalbaar aan F. C. Kraamwinkel vir die maand 1 tot 31 Mei 1900, is letterlik van die laaste loonstrokië wat deur die N.Z.A.S.M. te Pretoria uitgereik is voordat die Britse militêre magte beheer op 5 Junie 1900 oorgeneem het. Die loonstrokie toon dat F. C. Kraamwinkel in Mei 1900 282½ ure gewerk het @ 2/- p.u., d.ws. £28.5.0, plus 'n toeslag betaalbaar van £12.4.9 ten opsigte van „Contract“, m.a.w. 'n maandelikse loon van £40.19.9. Vir daardie dae, toe 'n „zak flour“ £1.10 gekos het (volgens 'n ander N.Z.A.S.M.-bewys), was dit ongetwyfeld 'n ruim verdienste.

'n Getikte verklaring gedateer 6 Augustus 1907 te Pretoria en onderteken deur M. P. Barendsen namens die direksie van die N.Z.A.S.M. is 'n getuigskrif van F. C. Kraamwinkel se dienstyd by die N.Z.A.S.M.

'n Gewaardeerde aandenking uit die dae van die N.Z.A.S.M. is 'n silwer

sakhorlosie, nog in 'n goeie werkende toestand, kompleet met ketting, oorhandig aan diegene wat 'n aandeel gehad het in die aanlê van die Oosterspoor. Agterop die horlosie is die volgende woorde gegraveer:

Opening
Delagoabaai Spoorweg
N.Z.A.S.M.
1895

By dieselfde geleentheid is ook 'n brons gedenkopening uitgreik, wat besonder fyn en kunstig afgewerk is. Aan die een kant daarvan verskyn die kop van pres. Kruger en die woorde „Opening van de Delagoabaai Spoorweg”. Op die ander kant is die gevleuelde wiel met die naam N.Z.A.S.M. en die datum 1895.

- (1) Alle dokumente en foto's uit die lewe en tyd van die egpaar F. C. Kraamwinkel berus by die Transvaalse Argiefbewaarplek onder die titel P. O. Kraamwinkel-versameling, verwysing A.1215.
- (2) Die datum 1985 i.p.v. 1895 is een van die drukfoute in die program.

(*Bron: "Street Names in Pretoria and Environs, Pretoria Municipal Area." Afgerolde uitgawe van Die Genootskap Oud-Pretoria.)*

(Mej.) K. M. VAN ECK.

VERENIGINGSLEWE

F. C. Kraamwinkel het oor 'n uitstekende sangstem beskik en was 'n werkende lid van die sangvereniging Hollandsch Mannenkoor, wat op 25 April 1895 opgerig is en wat as koor herhaaldelik vir liefdadigheid in die hoofstad diensbaar was. 'n Besonder mooi foto (28 x 36 cm), klaarblyklik uit die jaar 1898, bestaan van hierdie vokale geselskap van 26 werkende lede en sy direkteur.

'n Herinneringsdiploma gedateer 25 April 1905 te Pretoria, is aan F. C. Kraamwinkel, uitgereik by geleentheid van die tienjarige bestaan van die Koor. Die tienjarige bestaan is feestelik herdenk op Donderdag en Vrydag, 27 en 28 April 1905. 'n Lieflike feesbrosjure het betrekking op die verrigtinge. Die brosjure gee 'n uitvoerige beskrywing van die ontstaan en geskiedenis van die Koor tot op datum met die name van die direkteur en bestuur, die 33 werkende lede, kunslewende lede, die feeskommissie, ens. Ook bevat dit die volledige programme vir die verrigtinge op 27 en 28 April en die liedere deur die Koor aangebied. Die brosjure gee in beknopte vorm op die buiteblad die program:

Donderdag 27 April:

Concert in het Empress Theater, met medewerking van
de H.H. E. Amorison, Viool, en J. Spies, Piano.

Vrijdag 28 April:

Gecostumeerd Bal in de Duitsche Turnhal (nabij de Victoriaburg), afgewisseld door Zang, Voordrachten, Rozengalop, enz., enz.

Die Koor het oor 'n vaandel met 'n bybehorende kas beskik, wat op 13 Mei 1898 aan hom geskenk is. Die woorde daarop geborduur het gelees:

Hollandsch Mannenkoor.

Pretoria.

25 April
1895

Dit sou interessant wees om te wete te kom wat die uiteindelike lots-bestemming van die vaandel was, wat inderdaad iets besonders moes ge-wees het te oordeel na foto's. Die vaandel verskyn nog op 'n foto uit die jaar 1910 toe die Koor sy vyftienjarige bestaan gevier het.

'n Kulturskat is 'n gedrukte partiture. Dit is 'n sangstuk getiteld „Liever dood dan onderworpen“ en is ter ere van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe geskryf. Dit is in 1901 in Nederland uitgegee en is vermoedelik deur D. Balfort, wat 'n direkteur van die Hollandsch Mannenkoor was, vir die Koor gekomponeer.

'n Smaakvolle sierspeld vir 'n das of baadjielapel, met die letters H.M.K., is 'n mooi gedagtenis aan die bestaan van die Mannenkoor.

'n Geillustreerde gedenkboek in 1923 uitgegee by geleentheid van die Nederlandsche Vereeniging te Pretoria se dertigjarige bestaan, is 'n bron van inligting oor die Vereniging se eerste 30 lewensjare. Aanvullend hierby is die „Wilhelmina Nummer“ van De Volksstem van Vrydag 31 Augustus 1923 ter ere van Koningin Wilhelmina van die Nederlande, wat in dieselfde jaar haar silwerjubileum gevier het.

KRUGERGEDENKWAARDIGHEDÉ

'n Ondergetekende dankbetyuigingsertifikaat, in swart omlysting „Begrafenis Pres. S. J. P. Kruger“ gedeere Desember 1904 te Pretoria is aan F. C. Kraamwinkel uitgereik as lid van die Hollandsch Mannenkoor vir hoog gewaardeerde en belanglose medewerking.

Nog 'n dokument in swart omlysting is die formulier van die verrigtinge by die oorbrenging van die stoflike oorskot van pres. Kruger vanaf die stasie na die Suzanna-saal op 10 Desember 1904.

'n Afbeelding van die President is verteenwoordig deur 'n negatief op glas met twee afdrukke, nog uit daardie tyd.

Onder die poskaarte verskyn een in die vorm van 'n petisie aan die Tsaar van Rusland met 'n afbeelding van die President wat 'n kruis dra.

'n Poskaart, wat op 14 November 1904 gepos is, toon die plegtige bysetting van die stoflike oorskot van die President op die Batavier VI te Rotterdam

op 31 Oktober 1904. 'n Poskaart met die titel en 'n afbeelding „De Slag op de Modderrivier” is op 18 September 1900 gepos.

Die presiese verband is nie bekend nie van 'n medaljon, of hangertjie, met die President se kop aan die een kant en aan die ander die woorde „Dem tapferen Boerevolke 1900/1901”.

SIVIELE SAKE

'n Sertifikaat No. 17 onderteken deur die Burgemeester en Wethouders van Amsterdam op 9 Mei 1893 verklaar dat F. C. Kraamwinkel „op den 9 Mei 1893 van het Bevolkings-Register is afgeschreven naar Zuid-Afrika”.

In 'n sertifikaat gedateer 8 Desember 1896 te Pretoria word deur die Veldkornet van Pretoria verklaar dat die naam van F. C. Kraamwinkel voorkom op die Veldkornetslyste van Pretoria en dat die gemelde „steeds getrouw en gehoorzaam aan 's Lands wetten is geweest”.

Kwitansie No. 125753 uitgeskryf deur die Civiele Commissaris te Pretoria op 29 September 1898 vir 'n bedrag van 18/6 is vir persoonlike belasting vir daardie jaar.

Op 8 November 1899, toe F. C. Kraamwinkel na 'n periode van verlof in Holland 'n omweg moes reis om weer Pretoria te kan bereik, rig die Nederlandse Konsul te Lourenco Marques in 'n netjies geskreve dokument die volgende versoek:

PASPOORT

Het Consulaat der Nederlanden te Lourenco Marques, in naam van Hare Majesteit de Koningin der Nederlanden, verzoekt alle autoriteiten, zoowel Civiel als Militair van Vorsten en Staten, bevriend en verbonden met Hare Majesteit niet alleen toe te staan

den Heer F. C. Kraamwinkel

Nederlandsch onderdaan met bagage te passeeren maar ook alle noodige hulp en bijstand te bewijzen.

In 'n amptelike dokument van 16 Junie 1903 van die Gemeentebestuur van Watergraafsmeer, Amsterdam, word F. C. Kraamwinkel vir die tweede keer (en finaal soos dit later sou blyk) uit die Bevolkingsregister afgeskryf met vertrek na Suid-Afrika.

Om F. C. Kraamwinkel in staat te stel vanaf Kaapstad na Pretoria af te reis, reik die Permit Secretary in Kaapstad op 22 Mei 1903 aan hom Permit No. 41740 uit „to enter and reside in the Transvaal and Orange River Colony.”

FOTO'S VAN OUD-PRETORIA

'n Foto (22 x 30 cm) toon 'n deel van die feesoptog in Pretoria op 31 Augustus 1898, soos dit af in Marktstraat beweeg tydens die Kronings-

feeste ter ere van Koningin Wilhelmina. Duidelik is te onderskei een van die segewaens wat 'n Hollandse vaartuig voorstel van die denkbeeldige Stoomvaartmaatskappy Nederland—Zuid-Afrika; die Rederykerskamer „Onze Taal”; die Boogschuttersvereniging „De Batavieren” en nog drie segewaens wat die optog afgesluit het. Jammer genoeg verskyn nêrens die peleton artillerie; die Transvaliese en die Nederlandse vlag voorgestel deur dames; die erewag te perd; die Hollandsch Mannenkoor en die 500 kinders, wat almal voorop in die optog opgestel is.

Uit 'n goedbewaarde foto-album met sowat 50 foto's uit die jare kort voor 1900, verskyn 'n besonder mooi foto (15 x 20 cm) van rondom 1896, wat 'n volledige aansig bied van die Westelike sy van die Kerk op Kerkplein. Op die agtergrond is 'n aantal geboue aan die Oostekant van die plein te sien. terwyl 'n hele bedrywigheid op die voorgrond is: 'n paar ossewaens, kebs, 'n man te perd, twee ander met fietse, ander wat net rondstaan, 'n polisieman in Z.A.R.P.-uniform, 'n paar kindertjies in tipiese drag van die tyd, ens.

'n Ander foto van Kerkplein uit dieselfde jare gesien uit een van die geboue, toon die kerkgebou in sy glorie tydens nagmaal. Die Grand-hotel, die Raadsaal en feitlik die hele Westekant van die plein word afgebeeld.

Die presidentswoning in Kerkstraat-Wes is op 'n foto (15 x 20 cm). Die vierkleur wapper en 'n jong seun, vir wie die foto seker opgestel is, verskyn deftig tussen die twee wagte.

Uit die jare rondom 1896-1899 verskyn die volgende foto's, in alle waarskynlikheid geneem deur 'n fotograafvriend: gesig deur Daspoort met treinspoor en pad; gesig deur Wonderboompoort, t.w. een foto met uitsig na die Noorde en 'n ander in die teenoorgestelde rigting met 'n paar woonhuise op die voorposte voor die poort; twee foto's van Wonderboom in sy toenderdtydse glorie; die fontein in Burgerspark; die Oosterspoor by die Fonteinedal met F. C. Kraamwinkel en sy eggenote. Vir natuurliebhebbers is 'n drietal foto's 'n lus: van Witpoortjie en die waterval by Krugersdorp, soos dit in 1899 daaruit gesien het toe 'n groepie oud-Hollanders uit Pretoria daar gaan piekniek maak het.

HISTORIESE FOTO'S

Onder die historiese foto's verskyn 'n uitmuntende foto (12 x 15 cm) — waarskynlik afkomstig van die amateur fotograafvriend — van die vlaghysing deur die Britse militêre magte by die Raadsaal in Pretoria op 5 Junie 1900. Volgens wat skrywer altyd van sy vader verneem het, is die foto geneem terwyl 'n miniatuur Union Jack gehys word, wat deur 'n dogter van Lord Roberts aan haar vader saam gegee is om eerste gehys te word. Die vlaggie is sigbaar.

'n Foto (15 x 20 cm) is getiteld „The War Scare. A scramble for room in open cattle trucks”, met toeskouers wat die saak meer rustig betrags. Die foto dateer uit 1899, waarskynlik op die Pretoriase stasie.

Ander foto's (15 x 20 cm) is o.m. van genl. Louis Botha en sy wit perd en volledige velduitrusting; komdt. Trichardt en sy twaalfjarige seun met 'n groepie gewapende burgers in 1899; 'n groepie Tommie-gevangenes; 'n Engelse lyddiet-bom wat nie by Spioenkop gebars het nie met die woorde daarop gegraveer:

GESCHENK
aan
ZHEd. den Staats-President
S. J. P. KRUGER
ter herinnering aan de Slag
van
SPIOEN-KOP
Natal 24 jan 1900
van
P. C. Robertson Kapt. Adj. D.C.
Ps. 74 = 14

'n Foto (15 x 20 cm) toon 'n Long Tom wat deur 'n drif getrek word op pad na Ladysmith, 1899, terwyl 'n paar ander alhoewel bekende foto's betrekking het op die Slag van Spioenkop.

Oud-Kaapstad, enkele jare voor 1900, word op agtien foto's (15 x 20) aangebeeld.

FAMILIE-FOTO'S


Sowat 140 familie-foto's van die ouer geslag en die voorsate, en van hul woon- en werkkring in die ou stamland, almal wat volledig toegelig is, is vir die genealoog 'n waardevolle nalatenskap.

P. O. KRAAMWINKEL.

DIE JONGSTE PRETORIUS-GEDENKDIENS

'n Groot aantal belangstellendes het op Sondagvoormiddag 9 Februarie jl. by die gedenknaald voor die Verdedigingshoofkwartier, Potgieterstraat, Pretoria, saamgekom om in die vorm van 'n in alle opsigte geslaagde gedenkdiens ter nagedagtenis van Lt-kol Henning Petrus Nicolaas Pretorius, in tewe kommandant van die Transvaalse Staatsartillerie by te woon en op dié wyse hulde te bring aan 'n uitstaande militêre leier van vergange dae.

Hierdie Transvaalse militêre figuur was die seun van Marthinus Wessel Pretorius, 'n neef van die gelyknamige Transvaalse Staatspresident en Debora Jacoba Retief, die dogter van die bekende Voortrekkerleier Piet Retief.



Ou Foto van die gedenkteken ter ere van Lt.-Kol. Henning Pretorius. (Die tralies daaromheen, asook die pilaartjies met kettings is tans nie meer daar nie.)

Hierdie Voortrekkerseun is op 9 Februarie 1844 op Pietermaritzburg gebore en het tydens die krygsverrigtings teen Sekokoeni (1876) sy militêre loopbaan as veldkornet begin.

Tydens die Eerste Vryheidsoorlog het hy hom by die slag van Elandsfontein, naby Pretoria, onderskei (16 Januarie 1881), twee verwondings ongedoen en op dié wyse naam gemaak.

In 1882 het sy aanstelling as kommandant van die toenmalige Trans-

vaalse Artilleriekorps gevvolg en in hierdie hoedanigheid het hy aan die veldtog teen Mapog deelgeneem. Dan volg sy optrede aan die suidwestelike grens van die Republiek, sy ampsperiodes as Waarn. Kommandant-generaal en Superintendent van Naturelle, as Kommissaris van Polisie (1895) en as een van die amptelike verteenwoordigers van die Z.A.R. ten tye van die aanstelling van Boenoe as kaptein van Swaziland.

Na sy optrede tydens die ekspedisie teen Malabog het sy bevordering as Luitenant-kolonel van die gereorganiseerde Transvaalse Staatsartilleriekorps (1896) gevvolg. Aan hierdie grondlêer van hierdie modelorganisasie wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog louere sou verwerf, en aan 'n vader vir almal wat dit as 'n eer beskou het om onder hom te dien, is ook weer hulde gebring.

Aan sy gesin, aan sy Korps, aan sy Land en aan sy Volk het hierdie gebore militêre leier aan die begin van 1897 ontval.

Net soos verlede jaar is vanjaar se gedenkdiens weer onder beskerming van die Afrikaanse Kultuurvereniging Volk en Verdediging (AKVV) gehou.

Na aankoms van die Senior Weermagsverteenvoerdiger, Lt genl W. P. Louw, SM, is die erediens deur die Direkteur van Kapelane, Brig. J. A. van Zyl, gelci.

Daarna het die Laaste Taptoe, gevvolg deur die Oggendsinjaal weerklink. 'n Koor van die Diensvakskool het „Slaap rustig dapper helde“ ten gehore gebring. Vervolgens is 'n aantal kranse aan die voet van die gedenkteken gelê wat in die laat negentiger jare as 'n huldeblyk ter nagedagtenis van Lt-kol H. P. N. Pretorius opgerig is. Die volgende kranse is gelê:

Namens die Suid-Afrikaanse Weermag deur Lt genl W. P. Louw, SM; namens die Transvaalse Staatsartillerie SAA deur Kmdt J. J. G. B. Knoetze; namens die Pretoriusgeslag deur mev. A. C. Kearney (die oudste oorlewende dogter van Lt kol H. P. N. Pretorius); namens die ATKV (SAS en H) deur Brig M. van Vuuren, SMO; namens die ATKV (P en T) deur mnr. J. Z. Venter; namens die AKPOL deur Maj C. J. W. du Plooy; namens die AKVV deur Kol W. A. Lombard; namens die Oudstryders deur mnr. Evert Domisse; namens die SA Kanonniersbond deur mnr. L. H. Walton; namens die plaaslike tak van dieselfde Bond deur mnr C. J. L. Stegman. Namens die Genootskap Oud-Pretoria is 'n krans deur dr N. A. Coetzee gelê.

'n Erewag, troepe, die SA Leërorke en 'n steeds groeiende skare belangstellendes het vanjaar se verrigtings op 9 Februarie bygewoon. Jaarliks sal hierdie gedenkdiens ons herinner aan ons militêre verlede, ons militêre tradisie en bo alles aan die liggende voorbeeld van 'n Henning Petrus Nicolaas Pretorius, een van die militêre leiers van naam uit die verlede.

Kmdt. J. PLOEGER,
Militêr-Historiese en Argivale Dienste.

DIE HERKOMS VAN DIE NAME VAN DIE STRATE IN DIE OMGEWING VAN DIE PRETORIASE ONDERWYSKOLLEGE

Die strate waaroor hierdie studie gaan lê hoofsaaklik in die Pretoriase voorstad, Sunnyside, 'n paar besonderhede waaroer dus nie onvanpas hier sal wees nie.

TOE die wyk Sunnyside op 22 Julie 1875 deur James E. Mears aangelê is, het dit al by die Engelssprekende inwoners bekend gestaan as die „Sunny Side”, welke bewoording reeds op kaarte van ou Pretoria voor 1875 verskyn het vir die gebied beooste die Apies teen die Elandspoorstrand.

Op 8 Februarie 1888 is Sunnyside by Pretoria ingelyf en teen 1898 was 235 erwe reeds beset.

In Oktober 1899 by die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die voorstad Sunnyside (die tweede van Pretoria — Arcadia was die eerste) nog daar wild en romanties uitgesien, aangesien dit toe nog heeltemal in 'n natuurstaat verkeer het.

Die opmeetwerk in Sunnyside (en Muckleneuk) is hoofsaaklik gedoen deur G. R. von Wielligh en Johann Rissik.

Oorspronklik het Mears, wie se huis gestaan het waar die Normaalkollege is, erwe 35–37 en 48–51, besit.

Die Onderwyskollege se dameskoshuis, het volgens die munisipale waardasielyste, erwe 35–38 en 48–51 beslaan, terwyl die geldstaat van Openbare Werke van 8 November 1902 melding maak van £18,010 vir erwe nos. 30–34 en 45–47 en twee huise daarop wat bedoel was as terrein vir die „Normal School.”

Teen die einde van 1902 het verbruikers in Pretoria kraanwater begin kry en kort daarna het die inwoners van Sunnyside (en Arcadia) ook in die voorreg gedeel. In 1914 was Sunnyside (net soos Arcadia en Pretoria self) al goed verlig deur elektrisiteit. Vervolgens dan die strate in die betrokke gebied wat na bepaalde persone vernoem is:

ESSELENSTRAAT heet na Ewald Auguste Esselein wat op 27 September 1858 op Worcester, K.P., gebore is en uit 'n Rynse sendingfamilie stam. Sy vader was eerw. L. F. Esselein.

Na sy skoolopleiding is Ewald na die Universiteit van Edinburgh, Skotland, om hom in die medisyne te bekwaam. In 1881 keer hy egter na Suid-Afrika terug. In Transvaal is die Eerste Vryheidsoorlog toe nog aan die gang en hy gaan daarheen om hom te Heidelberg te voeg by

vise-president Kruger vir wie hy optree as private sekretaris by die vredesberaad en latere onderhandelings op Newcastle, Natal.

Na die vrede keer hy op advies van Kruger na die buiteland terug vir verdere studie — hierdie keer in die regte aan die Inner Temple, Londen, waar hy hom as advokaat bekwaam. In 1883–84 dien hy as sekretaris van die afvaardiging onder Kruger wat na Engeland gegaan het om 'n wysiging van die Pretoriase Konvensie te verkry. Na sy terugkeer in sy vaderland, word hy in 1885 te Kaapstad tot die balie toegelaat. In 1886 word hy gekies tot lid van die Wetgewende Vergadering vir Richmond, K.P., as ondersteuner van die *Afrikanerbond*.

In 1887 aanvaar hy in die Z.A.R. die betrekking van strafregter wat hom die vorige jaar deur pres. Kruger aangebied is. Hy bly in die betrekking aan tot 1890 toe hy om persoonlike redes bedank en hom as advokaat in Pretoria vestig. Daarna het hy Potchefstroom eers in die Tweede Volksraad en in 1893 in die Eerste Volksraad verteenwoordig.

In 1894 word hy benoem tot prokureur-generaal van die Z.A.R., maar die jaar daarop het hy bedank en weer as advokaat gepraktiseer. As sodanig bestempel een van sy tydgenote hom as iemand „who had the greatest gifts of advocacy with which I have come into contact,”⁴ terwyl 'n ander weer verwys na „... die glimlaggende en skerpssinnige Advokaat Ewald Esselen wat op 'n baie taktuwe manier die getuie van sy teenstander se vertroue kon win en dan al met eens op hom neersak om hom op 'n teenstrydigheid in sy eie getuenis te wys.”⁵

Hy word in 1900 krygsgevange geneem, maar tog toegelaat om op parool na Europa te gaan. Hy keer in 1902 terug en begin weer as advokaat praktiseer. Sy belangstelling in die politiek het hy na die oorlog behou; hy was 'n groot yweraar vir selfregering en een van die stigters van „Het Volk”-party in Transvaal in 1904.

Aan die begin van 1918 is hy in Seepunt oorlede en daarna in die Ou Begraafplaas te Pretoria begrawe.

- (Bronne: 1. *Pretoria 1855-1955*, uitgegee deur die Stadsraad van Pretoria, 1955.
2. *Terugbliek oor die Eerste 50 Jaar*. Die Pretoriase Normaalkollege — prof. C. K. Oberholzer.
3. Cloete, J. J. N.: *Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Munisipale Bestuur en Administrasie van Pretoria tot 1910*: Argiefjaarboek, Deel I, 1961.
4. *S.A. Who's Who* 1908, bl. 123.
5. *Pretoriiana*, Nos. 16 & 17, Julie-Sept. 1955, bl. 84.
6. *Die Kinderensiklopedie*, Deel. XI, 1962, bl. 5079.)

JORISSENSTRAAT is vernoem na dr. Eduard Johan Pieter Jorissen.

Van die twee Hollanders wat in besonder in verband met die Eerste Vryheidsoorlog altyd 'n ereplek sal bly behou — dr. E. J. P. Jorissen en W. Eduard Bok wat in 1877 saam met pres. Kruger op 'n deputasie na Engeland vertrek het om die Boeresaak aldaar te verdedig — was eersgenoemde miskien die skouspelagtigste persoonlikheid.



Kaart van gedeelte van Sunnyside met strate en erfnummers.

Hy is op 10 Junie 1829 in die stad Zwolle, Nederland, gebore, en het, net soos sy vader, predikant geword en in 1853 selfs in die Teologie gepromoveer aan die Universiteit van Utrecht.

Tydens pres. Burgers se besoek in 1875 aan Nederland, het hy Jorissen oorgehaal om as dosent in Klassieke Tale aan die beoogde Staatsgimnasium na Pretoria te kom.

Hy het in November 1875 na Suid-Afrika gekom, maar by sy aankoms te Kaapstad is aan hom voorgestel dat hy hom bekwaam vir toelating as 'n regsspraktsyn met die oog daarop om Staatsprokureur in die Z.A.R. te word. Voordat hy na Pretoria via Durban vertrek, het Jorissen eers die drie boeke gekoop wat by Volksraadsbesluit van 19 September 1859 as outentiek erken is. Op 6 Februarie 1876 arriveer hy dan per ossewa in Pretoria en op 9 Junie 1876 word hy Staatsprokureur nadat hy aan die „Rechtsgeleerde Commissie” se eksamenvereistes voldoen het.

In 1877-78 vergesel hy Paul Kruger op twee Transvaalse sendings na Londen. By sy terugkeer gaan hy met sy werk as staatsprokureur voort, en toe sy aanstelling op 1 Oktober 1878 deur Shepstone beëindig is, het hy as prokureur gepraktiseer.

Nadat Jorissen in 1881 die Boereleiers gedurende die Eerste Vryheidsoorlog as diplomatieke raadsman gedien het, speel hy 'n belangrike rol tydens die vredesonderhandelinge wat tot die Konvensie van Pretoria gelei het. Hierna word hy weer staatsprokureur.

Maar Jorissen wat uitgesproke was en moeiliker geword het om oor die weg mee te kom hoe ouer hy geword het, is in 1883 vir die tweede maal as staatsprokureur van sy amp onthef onderwyl hy in Europa was. Met medewerking van hoofregter Kotzé en deur middel van valse beskuldigings, het ds. S. J. du Toit die goedkeuring van die Staatspresident vir dié ontslag weet te verkry.

Van Februarie 1884 tot 1886 was Jorissen lid van die Volksraad vir Pretoria en praktiseer hy as 'n advokaat en prokureur.

In 1886 gaan hy na Holland om die aanname van die Transvaalse spoorwegkonsessie deur die Nederlandse maatskappy te bevorder. Na sy terugkeer van Europa af in Augustus 1887, praktiseer hy in Pretoria tot 1888 toe die Regering hom vra om regter te word in Johannesburg. Die volgende jaar sterf sy seun S. G. Jorissen en op 1 September 1890 volg vader E.J.P. sy seun op as regter van die Hooggeregshof van die Z.A.R., en beklee die amp tot in 1900 toe hy uit diens getree het.

Dr. Jorissen was met 'n dogter van pres. Burgers getroud. Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog het hy hom in Nederland gevinstig, en hom aan die openbare lewe onttrek tot sy dood op 20 Maart 1912 in Den Haag.

In 1897 publiseer hy sy werk *Transvaalse Herinneringen 1876–1896*.

(Bronne: 1. *Pretoria 1855–1955*. Uitgegee in 1955 deur die Stadsraad van Pretoria.
2. *Kinderensiklopedie*, Deel XI, 1962).

JOUBERTSTRAAT dra die naam van die eertydse kommandant-generaal van die Z.A.R., te wete Petrus Jacobus Joubert wat op 20 Januarie 1831 op die plaas Damaskus, digby Prins Albert in die Kaapkolonie gebore is.

In 1836 trek hy saam met sy ouers onder leiding van Piet Retief uit die Kaapkolonie weg, neem deel aan die slag teen Sechele (1852) en in die Vrystaat aan 'n veldtog teen die Basoeto's (1865).

In 1886 word hy as volksraadslid vir Wakkerstroom gekies, en tree in 1875 en 1876 op as waarnemende president van die Z.A.R. tydens die afwesigheid van pres. Burgers.

In 1877 volg die anneksasie van Transvaal deur Shepstone en Joubert vertrek in 1878 as lid van die tweede deputasie na Engeland in 'n poging om die Britse regering te oorred om die vryheid van Transvaal terug te gec.

In 1880 (op 13 Desember by Paardekraal) word hy gekies as lid van die Driemanskap (saam met vise-pres. Paul Kruger en Martinus Wessel Pretorius) en benoem tot kommandant-generaal van die Boere-magte, 'n amp wat hy tot sy dood bly beklee het.

In 1883 word hy vise-president van die Z.A.R.

By die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in Oktober 1899, is hy opperbevelhebber van die Boermagte wat die suidoosgrens moes verdedig.

Joubert is op 27 Maart 1900 in Pretoria oorlede en op sy plaas Rustfontein in die Wakkerstroomdistrik begrawe.

(Bronne: 1. *Pretoria 1855–1955*.
2. *Die Kinderensiklopedie*, Deel XI, 1962.)

KOTZESTRAAT is vernoem na regter (later sir) John Gilbert Kotzé wat op 5 November 1849 te Leeuwenhof, Kaapstad, gebore is. Sy vader was P. J. Kotzé 'n eertydse burgemeester aldaar. John ontvang sy skoolopleiding in *Tot Nut van 't Algemeen*, en gaan in 1864 vir verdere opleiding na die Suid-Afrikaanse Kollege. In 1869 vertrek hy na Londen om in die regte te studeer. Hy keer in 1874 terug en praktiseer as advokaat in Kaapstad.

In Maart 1877 (op slegs 27-jarige leeftyd) val hom die onderskeiding te beurt dat pres. Burgers hom in Kaapstad die betrekking van Hoofregter van die Z.A.R. aangebied het. Voordat hy egter die Transvaal kon bereik, het Shepstone die beheer daar oorgeneem en met sy aankoms in Pretoria, tref hy nie Burgers nie, maar Shepstone aan bewind van sake.

Kotzé het die anneksasie as 'n voldonge feit aanvaar en op Shepstone se versoek die betrekking in 'n waarnemende hoedanigheid vanaf 23 Mei 1877 vir die duur van die Britse administrasie beklee.

Na afloop van die Eerste Vryheidsoorlog het hy die amp in 'n permanente hoedanigheid aanvaar. In die verkiesing van 1893 is hy naas Kruger en Joubert, ook kandidaat vir die presidentskap. Hy vaar egter maar swak en verloor daarna alle belangstelling in die politiek.

In 1897 kom regter Kotzé in botsing met pres. Kruger oor die reg van die regbank om wetgewing van die Volksraad te toets — die sg. toetsingsreg. Wet no. 1 van 1897 wat deur die Transvaalse Volksraad na aanleiding van die geskil aangeneem is, het bepaal dat 'n regter wat hom die mag „aanmatig” om 'n wet of besluit van die Volksraad aan die grondwet te „toets”, nie as regter kan aanbly nie. 'n Lang en onplesierige hofgeding het in 1898 met die ontslag van Kotzé ten einde geloop.

Daarna word hy agtereenvolgens prokureur-generaal van Suid-Rhodesië (1900), regter-president van die Oos-Kaaplandse Afdeling van die Hoog geregshof (1904), regter-president van die Kaapse Afdeling van die Hoog geregshof (1913), tot ridder geslaan (1917), en as appèlrechter van die Unie aangestel (1922). In 1927 tree hy in laasgenoemde hoedanigheid af. Op 1 April 1940 is hy te Kaapstad oorlede.

(Bronne: 1. *Kinderensiklopedie*, Deel XI, 1962.

2. *Pretoria 1855–1955*.

3. *S.A. Biografiese Woordeboek*, Deel I. (Sy doopnaam was Johannes Gysbert Blanckenberg, maar hy maak sy lewe lank gebruik van die verengelste name.)

MEARSSTRAAT. Van James Edward Mears is daar blykaar baie min biografiese besonderhede geboekstaaf, behalwe dié wat opgeteken is in die hierna genoemde artikel van Adolf Koen.¹ Hierin word egter vermeld: „Vandag onthou niemand hom meer nie. Net sy familie. Sy naam is slegs 'n straat in Sunnyside, Pretoria . . .” En verderop: „Mearsstraat in Pretoria is na hom vernoem — die man wat 'n bloedstryd moes stry, die pionier wat eers oorwinning kon smaak nadat hy alles verloor het . . .”

In 1840 stap hy van Londen af in Durban aan wal. In Pietermaritzburg ontmoet hy sy toekomstige vrou, ene Johanna Agnita Raats, 'n kleinniggie van die Voortrekkerleier Gerrit Maritz. Uit hul huwelik is gebore Charlie, Jack, Eddie, Lucy en Walter (later komdt. Walter Mears²).

Sowat dertig jaar na Mears se aankoms in Suid-Afrika, kom sy ossewatrek in Pretoria aan, waar hy „Elandshoek” gekoop het, wat nou Sunnyside is. Na drie jaar het dit soos 'n modelplaas gelyk. Hierna koop hy talle ander plase, sommige vir slegs £15. In een hoek van die Springbokvlakte had hy 50 plase, terwyl die plaas Kafferskraal, Rustenburg, wat aan Paul Kruger se plaas gegrens het, ook deur Mears gekoop is. (Blykbaar had hy nie die kaart en transport vir al die menigte plase uitgeneem nie.)

Na die Eerste Vryheidsoorlog verlaat hy sy plaas Elandshoek tydelik en begin 'n perdeboerdery op sy plaas Leeufontein, Boshofdistrik.

Later is hy 'n tydlang woonagtig in die sierlike miljoenêrswoning „Rocklands”, Seepunt, Kaapstad. Hiervandaan is hy tydens die Tweede Vryheidsoorlog na Engeland om daar maatskappye te stig, terwyl sy vrou en kinders vermoedelik in die Oorlog hul aan die kant van hul volksgenote in Transvaal kom inwerp het.

Aan die begin van 1903 kom hy weer in Pretoria terug — vervreemd

van sy gesin, terwyl al sy grond verkoop of teruggeneem is om sy skulde te dek. Oor die grondkwessies word talle hofsake gevoer — waarvan die laaste in 1914 toe die Eerste Wêreldoorlog al uitgebreek het, hom sonder geld of heenkome gelaat het.

Intussen is sy vrou oorlede en in Johannesburg begrawe. Met sy kinders het hy versoen geraak, maar is te trots om hulle om hulp te vra.

En Mears wat in Pretoria 'n „lewe van weelde en oorvloed geken het, sou hom ook by 'n lewe van armoede en gebrek moes aanpas. Dit moes sy laaste oorwinning wees. 'n Paar maande later, lank voor die einde van die oorlog, is hy eenoggend dood in sy kamer gevind. En vandag is daar nog net die straat, Mearsstraat in Pretoria, om aan die vreemde lotgevalle van hierdie man te herinner."

In die Brixtonbegraafplaas, Johannesburg, duis net 'n hopie grond aan waar die oorskot van James Edward Mears sedert Sondag, 30 Mei 1915 rus.³

Onder Sunnyside hierbo word daar ook melding gemaak van Mears se eiendomme wat later deur die staat bekom is vir die teenswoordige Onderwyskollege.

- (Bronne: 1. Koen, Adolf: „Die Verlore Vader”: *Die Brandwag*, Vrydag, 18 Junie 1958.
2. *Die Nasionale Boek*, Pretoria, Okt. 1931, bl. 548 i.v.m. Komdt. Walter Mears.
3. Mededeling: Henry Louis Johnson, Bestuurder, Braamfonteinbegraafplaas.)

RISSIKSTRAAT is vernoem na Johann Friedrich Bernhard Rissik.

In Pretoria en ook in Transvaal is die naam Rissik alom bekend en is verbind aan strate (bv. ook Johannstraat, Johann Rissik-rylaan) 'n skoolkoshuis, (Rissik House, Pretoria Boys' High) 'n poskantoor en 'n stasie (albei genaamd Rissik) en selfs aan 'n parlementêre en provinsiale kiesafdeling in Pretoria.

Johann, die tweede seun van dr. Gerrit Hendrik Rissik wat op aandrang van pres. Burgers in 1875 uit Holland na die Z.A.R. verhuis het, is op 2 Februarie 1957 in Linschoten naby Utrecht, Holland, gebore. Hy het 'n uitstekende onderrig ontvang in tale (kon vroeg al Nederlands, Engels, Duits en Frans vloeierend praat), letterkunde, geskiedenis, wiskunde en wetenskap.

Hy was aanvanklik assistent in sy vader se apteek in Pretoria. Op 25 Februarie 1882 word hy in die Landmeter-generaal se Departement as tweede staatsklerk aangestel, en op 1 Junie 1895 word hy deur pres. Kruger as Landmeter-generaal van Transvaal aangestel en op 4 November word hy ook Swaziland se Landmeter-generaal.

In 1888 stig Rissik saam met E. P. A. Meintjes en J. D. Celliers, die Trevenna Estate Syndicate, en koop 19 morg 30 vk. roede genaamd „Trevenna” van die plaas Elandsport 193 en sny dit op in erwe en strate.



Foto: G. J. van Eck

In die Ou Begraafplaats, Pretoria

In 1893 verkoop die Sindikaat die Trevenna-strate aan Rissik. Gemelde drie persone is ook geassosieer met die uitleg van Sunnyside en Arcadia waar hulle ook strate besit het, waarvan sommige na hulle vernoem is.

Na Johann se huwelik op 8 Oktober 1890 te Kaapstad met Maria Magdalena Wilhelmina („Mimmie“) Leibrandt, gaan hulle op 'n uitgebreide reis na Europa, en vestig hulle na hul terugkeer die volgende jaar

te Pretoria in hul woning „Linschoten”, waar hulle drie-en-dertig jaar lank gewoon en hul vier seuns opgegroei het.

Aan die Tweede Vryheidsoorlog en die landsake daarna neem Rissik sy regmatige aandeel.

Die erfpagplaas „Uitvalgrond no. 67, Distrik Pretoria, Wyk Apiesrivier” beooste Pretoria het reeds voor die oorlog aan Rissik behoort. Tussen 14 April en 26 Oktober 1910, het hy daarop die dorpsgebied Hillcrest gestig waar onderwys- en godsdiensinstansies by sy vrygewigheid gebaat het.

Benewens Rissik se veelsydige openbare aktiwiteite — lid van kommissies, maatskappydirekteur, plaasboer, ens. het hy ook op politieke gebied 'n leidende rol gespeel by die stigting, saam met genls. Botha en Smuts, van „Het Volk”-party wat die eerste algemene verkiesing onder Verantwoordelike Bestuur in Transvaal op 20 Februarie 1907 betwis en gewen het. Op 4 Maart 1907 word Johann Rissik Minister van Lande en Naturellesake in Transvaal en lid van die Uitvoerende Raad van Transvaal.

As Minister van Lande het hy vir die Transvalse Regering die grond gekoop wat uitgesoek is as terrein vir die toekomstige Uniegebou wat toe daarop gebou is.

By die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910, word Rissik die eerste Administrateur van Transvaal, en in Mei 1915 is hy in daardie hoedanigheid herkies. Op 13 Junie 1917 dien hy by die Eerste Minister (genl. Botha) sy bedanking as Administrateur in, wat met groot spyt aanvaar is en op 24 Julie in werking getree het.

In 1912 het Rissik die nuwe Pretoriase Spoorwegstasie geopen wat deur Herbert Baker ontwerp is. In 1917 word hy 'n Spoorweg- en Hawens-kommissaris, en 'n Staatskuldkommissaris op 31 Desember 1919, welke twee poste hy tot sy dood toe beklee het. Op 11 Junie het hy die Hercules-Magaliesspoorlyn deur die Moot formeel geopen.

In 1923 verkoop Johann Rissik die „Linschoten”-landgoed wat toe as 'n dorp met daardie naam uitgelê is. In 1924 betrek hy die nuwe „Linschoten Huis”, geleë net onderkant die terrein van die ou opgaardam op die hoek van Parkstraat en Ministraat — per abuis aldus op die oorspronklike diagram genoem pleks van „Mimmie”, sy vrou.

Net 'n paar maande het hy die nuwe huis bewoon toe hy op 26 Augustus 1925 oorlede is. Die rede by sy ter aardebestelling in die Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, is waargeneem deur ds. H. S. Bosman, predikant te Pretoria van 1876-1926. Genl. J. C. Smuts, een van die slippendraers het gepraat oor Johann Rissik se groot dienste aan Suid-Afrika. Die eenvoudige granietgrafsteen is ontwerp deur dr. Gordon Leith wat in 1913 een van die jong argitekte was wat sir Herbert Baker met die Uniegebou bygestaan het.

(Bron: *Pretoriania*, No. 49, Des. 1965: Johann Rissikuitgawe).

(Word vervolg.)

(Mej.) K. M. VAN ECK